# GEESTESWEERBAARHEID EN POLITIEKE GELETTERDHEID: FEIT OF MITE?

Y. Struwig (Hoërskool Fakkel)
(In samewerking met Prof. M.H. Trümpelmann (RAU))

**INLEIDING**
Jeugweerbaarheid as verpligte nie-eksamenvak van standerd 6 tot 10 is reeds in 1972 onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement ingestel. Geestesweerbaarheid is 'n komponent van hierdie vak, wat benewens sake soos gesinsvoorligting, padgebruik, groepsdeelname, ensovoorts, ook die staatsburgerlike vorming of politieke geletterdheid van die kind beoog.

Enige vak wat 'n sensitiewe saak soos politieke geletterdheid van die kind beoog, moet baie versigtig en professioneel hanteer word. Hiervoor is goedopgeleide, verantwoordelike onderwysers nodig. Die inhoud moet 'n akademies stewig gefundeerde basis hê en in 'n polities verdeelde samelewing soos Suid-Afrika, so objektief moontlik aangebied word. Indien daar nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, kan die vak van indoktrinasie beskuldig word.

In hierdie artikel sal daar krities gekyk word na die doelstellings van geestesweerbaarheid rakende politieke geletterdheid. Verder sal daar gekyk word hoe hierdie doelstellings uiting vind in van die vernaamste beskikbare bronne vir geestesweerbaarheid. Die klem sal verder val op 'n analise van die tweejarige Jeugweerbaarheidsprogram aangebied deur die Transvaalse Onderwysdepartement se Onderwyskollege vir Verdere Opleiding.

**BEGRIPSVERKLARING EN PROBLEEMSTELLING**
Mense van uiteenlopende politieke oortuigings is oor een saak eens: die noodsaak van die opvoeding van verantwoordelike, polities ingeligte burgers. Van Loggerenberg meen dat ten opsigte van staatsburgerlike vorming "iets iewers skeef moes geloop" het en skryf dit toe aan die verwaarlosing van die algemene ontwikkeling van die kind (Van Loggerenberg, 1979:49).

Gesien teen die agtergrond van 'n toenemend gepolariseerde politieke situasie in Suid-Afrika, waar onverdraagsaamheid, irrasionaliteit en gewelddadige konflik (vanuit regse en linkse geledere) hoogty vier, word die kwessie van politieke geletterdheid al hoe dringender. Trümpelmann haal 'n swart joernalis aan wat waarsku dat: "Unless we learn to live together as brothers, we will all perish as fools" (Trümpelmann, 1986:1).

In die analise van die mate van politieke geletterheid wat tans deur Geestesweerbaarheid moontlik gemaak word, sal daar van die etlike begrippe gebruik gemaak word. Eerstens, wat is *"politieke geletterheid"*? 'n Polities geletterde is 'n persoon wat oor die nodige "kennis, vaardighede en houdings beskik wat hom in staat stel om polities 'n verantwoordelike bydrae tot die politieke proses to lewer" (Trümpelmann, 1986:17). Eienskappe soos "patriotisme, lojaliteit, wetsgehoorsaamheid, eerlikheid, gemeenskapsbetrokkenheid, kennis van die land se regering en ideologieë" (Trümpelmann, 1986:18) geniet volgens Lane voorrang by 'n politieke geletterdheidsprogram. Volgens Garbers behels die ideaal dat 'n persoon "'n politieke oortuiging moet huldig, redelikheid moet beoefen om met die politieke opponente tot 'n kompromie te kom, massa-reaksies moet bekamp"; kortom, daarvoor sorg dat demokrasie nie deur egosentriese, affektiewe oortuigings tot diktatuur word nie (Trümpelmann, 1983:57). Dit gaan dus om patriotisme met die inagneming van ander en hul sienings, volkstrots gebaseer op eerlike kennis en politieke stellingname gegrond op redelikheid en verdraagsaamheid.

Tweedens, word daar gekyk na die term *"Jeugweerbaarheid"*, waarvan geestesweerbaarheid 'n komponent is. Jeugweerbaarheid word deur Roos omskryf as "omgording", "waarneming" en 'n "reddende", "beskermende", "verhullende", "omarmende", "verdedigende", "omgordelende", "opmerksame" en "werende behandeling gerig op die handhawing van die Christelik-nasionale waardes wat die kind moet beskerm teen volksvreemde idees en ideologieë" (Botha, 1975:30 – 33). Roos meen dat hierdie woorde 'n "baie positiewe" betekenis het (Roos, 1975:33). Dit lyk egter in vele opsigte eerder na 'n passiewe, afwerende handeling en strook nie met die opvoedingsideaal van 'n aktief-handelende kind wat sy wêreld probeer vorm en probleme probeer aanpak nie. Politieke geletterheid is 'n aktiewe, verruimende en verrykende aangeleentheid en daarom bepleit Trümpelmann (1936:163) 'n meer positiewe benaming soos "burgerlike en morele geletterdheid".

'n Konsep wat altyd in die gedrang kom wanneer waardegelaaide inhoud in onderwysverband aangebied word, is "indoktrinasie". Volgens Snook (1972:66) impliseer indoktrinasie "a perjorative judgment on a teaching situation. It suggests that someone is taking advantage of a privileged role to influence those under his charge in a manner which is likely to distort their ability to assess the evidence on its own merit". More meen dat indoktrinasie behels dat 'n debatteerbare standpunt of saak op 'n eensydige wyse aangebied word (Trümpelmann 1986:77). Dit beteken dat 'n persoonlike standpunt aangaande 'n debatteerbare saak aangebied word asof dit die enigste waarheid is. Die probleem is dat die opvoeder aan die kind ook sekere lewensbeskoulike waardes moet oordra, wat onafwendbaar sekere subjektiewe menings behels. Tog moet die oodra van waardes altyd gepaard gaan met 'n rasionele benadering. Veral in die geval waar daar in een samelewing verskillende interpretasies van een aangeleentheid is, word die eis om objektiwiteit in die hantering van waardegelaaide inhoud al hoe meer noodsaaklik. Dit behels dat die mate van redelikheid by aanbieding altyd in gedagte gehou word. Die probleem is dat die lyn tussen indoktrinasie en opvoeding so fyn en soms heeltemal onsigbaar is. Dit maak die opleiding van polities-kundige, akademies goedonderlegte en sensitiewe onderwysers vir die aanbieding van geestesweerbaarheid 'n dringende aangeleentheid.

**DOELSTELLINGS VAN GEESTESWEERBAARHEID MET BETREKKING TOT POLITIEKE OF STAATSBURGERLIKE GELETTERHEID**

**Toekomsgerigtheid**
Toekomsgerigtheid word in die Jeugweerbaarheidskursus vir onderwysersopleiding as 'n doelstelling genoem. "Die jeugdige (moet) in sy wordingsgang tot die innerlike oortuiging van toekomsgerigtheid en die volle implikasie daarvan" kom. Dit impliseer 'n "gereedmaking-vir-die-toekoms, 'n aanvaarding van sy (die kind) verantwoordelikheid teenoor die toekoms". (Kode 10, *Opvoedkundige Grondslae van Jeugweerbaarheid*, Studiegids 1, 1983:11). Hierdie is 'n grondige doelstelling wat behels dat die leerlinge met die nodige kennis en vaardighede toegerus word om sy toekoms aktief en optimisties tegemoet te gaan. Verder beteken dit 'n bereidheid tot redelike deelname aan die demokratiese politieke proses en meer spesifiek die vermoë om Suid-Afrika se rassevraagstuk aan te spreek en te werk aan positiewe menseverhoudings.

**Kennis van die RSA-situasie**
'n Baie belangrike doelstelling van geestesweerbaarheid is die oordra van die nodige kennis aan die jeug "sodat hulle 'n duideliker perspektief op die Republiek van Suid-Afrika se situasie in die wêreld van ons tyd" sal hê. Genoemde kennis gee aan hulle die nodige agtergrond "sodat hulle hulle

eie posisie in die RSA, asook in die wêreld, kan sien en verstaan" (Kode 10, *Fisiese en Geesteswerbaarheid*, Studiegids 3:3). Hierin lê 'n belangrike voorwaarde opgesluit, naamlik dat die "kennis" van die RSA-situasie sover moontlik ware kennis, met ander woorde kennis gebaseer op 'n objektiewe studie van die RSA-situasie in al sy genuanseerdheid moet wees.

**Trots op die eie**

Die Jeugweerbaarheidsopleidingkursus vir onderwysers meen dat 'n doelstelling van die vak is "om deur die kursus by die jeug 'n trots op die eie geestesgoedere en op hulle land te vestig, want eers dan sal hulle ook ander bevolkingsgroepe se eie goed erken en respekteer (*Fisiese en Geesteswerbaarheid*, Studiegids 3:3). Indien trots op die eie impliseer 'n lojaliteit teenoor simbole soos die landsvlag, volkslied en 'n gemeenskaplike vaderland, is dit 'n verantwoordbare doelstelling. Wanneer trots op die eie egter 'n eng, egoïstiese siening van trots op 'n bepaalde, eksklusiewe groep as die enigste fokus van lojaliteit en verbondenheid word, is hierdie doelstelling in multi-kulturele Suid-Afrika gevaarlik. Daar moet ook onthou word dat trots op die eie geestesgoedere, nie noodwendig sal lei tot respek vir ander se bestaansreg en sienings nie. Dit is 'n doelstelling wat op sy eie bewustelik nagestreef word. Daar moet meer inhoud gegee word aan dié doelstelling, omdat dit so essensieel is vir die vreedsame bestaan van almal in Suid-Afrika.

In die lig hiervan moet die volgende stelling met groot versigtigheid bejeën word, naamlik die kweek van "'n sterk patriotisme en nasionalisme by die jeug" en om sodoende "die wil om die eie te verdedig" te versterk (*Fisiese en Geesteswerbaarheid*, Studiegids 3:3). Verkeerd vertolk, kan so 'n doelstelling ontaard in 'n aggressiewe, selfsugtige verknogtheid aan sekere groepsgebonde ideale. Die probleem lê ook: "Wat is die eie?" Indien dit lojaliteit aan slegs een groep in 'n land van soveel diversiteit beteken, kan dit net die verdeeldheid in Suid-Afrika intensifiseer. Retoriek soos die taak van die jeugdige "ten opsigte van 'n totale teenstrategie teen 'n sataniese aanslag", moet ook vermy word in die stel van doelstellings, omdat dit verwarrend kan wees en verkeerd vertolk, kan aanleiding gee tot 'n houding van vrees en onverdraagsaamheid van alles wat nie as die "eie" beskou word nie.

**STELLINGNAME OP GROND VAN CHRISTELIKE BEGINSELS**

Met die doelstelling dat Christen-onderwysers die jeug geloofsweerbaar moet maak, "sodat hulle God sal aanvaar as hulle Saligmaker", is daar nie iets verkeerd indien die onderbou van die bepaalde onderwyssisteem Christelik gefundeer is nie. Wat weer eens in gedagte gehou moet word, is dat daar verskillende interpretasies is oor wat Christenskap presies behels. Daar mag nie een interpretasie oor 'n politieke aangeleentheid gegee word en dit dan legitimiseer deur te beweer dat dit die Christelike standpunt is nie.

**DOELSTELLINGS: VERRUIMING EN KLEMVERSKUIWING**

Dit is nodig om die doelstellings van die huidige geesteswerbaarheid te verbreed en aan te pas, indien ware politieke geletterdheid beoog word. Dit is nodig dat ander kwaliteite soos die redelikheid en verdraagsaamheid by die doelstelling geïnkorporeer word. Daar moet wegbeweeg word van doelstellings met eng, emosiebelaaide en groepseksklusiewe konnotasies. Net soos die skool die "draer van redelikheid, objektiwiteit" en "gebalanseerdheid" is, behoort geesteswerbaarheid universele waardes soos gebalanseerdheid, rasionele redevoering en trots getemper deur verdraagsaamheid, na te streef. "Die vermoë van elke jeugdige om sy eie gegewe weerbaarheid sinvol te verwerklik" (*Opvoedkundige grondslae van Jeugweerbaarheid*: 4) kan net in 'n plurale samelewing verwesenlik word indien redelikheid en verdraagsaamheid hoog aangeskrewe kwaliteite is.

Die probleem is dat politieke geletterheid in sy volle implikasies nooit implisiet as doelstelling voorgestaan word nie. Opvoeding tot demokratiese burgerskap en die gepaardgaande kwaliteite figureer nie in die literatuur oor geesteswerbaarheid nie. Daar word ook nêrens op die bewusmaking van universele waardes en gemeenskaplike raakpunte tussen alle Suid-Afrikaners by die kind gekonsentreer nie. Te veel klem word geplaas op 'n persoonlike, groepsgebaseerde "stryd" en die ontwikkeling van 'n gebondenheid aan die "eie" en te min op samesnoerende waardes wat algemeengeldend is, ongeag ras of kleur. Eksklusiewe patriotisme wat te maklik in egoïsme kan ontaard, word eerder beklemtoon.

**ANALISE VAN DIE INHOUD VAN 'N AANTAL GEESTESWEERBAARHEIDSBRONNE**

Daar sal vervolgens gekyk word na 'n paar van die huidige bronne vir die aanbieding van geesteswerbaarheid. In watter mate word daarin geslaag om die leerling geestelik voor te berei vir sy deelname in die politieke toekoms van Suid-Afrika? Meer spesifiek, word die onderwyser wat 'n geesteswerbaarheidskursus volg en die bronne hanteer wat hier behandel word, opgelei om op 'n bevoegde wyse 'n politieke geletterheidsprogram aan te bied? Sal die onderwyser die leerling met die nodige politieke vaardigheid kan toerus om in vandag se gekompliseerde samelewing sy politieke regte verantwoordelik te beoefen? Om die leerling in staat te stel om in 'n snelveranderende en boonop waarde-pluralistiese samelewing te oorleef, moet die onderwys self goed opgelei wees. In die woorde van Trümpelmann: "As die kind met-die-toekoms-moet-waag moet die akademiese bona fides van sy leermeester bo verdenking wees" (1986:165).

Vir die doel van hierdie analise sal die jeugweerbaarheidskursus van die Transvaalse Onderwyskollege vir Verdere Opleiding asook 'n paar ander beskikbare bronne oor die saak ontleed word.

**DIE "TOTALE AANSLAG"-TEMA**

Een van die grootste knelpunte in die huidige bronne vir die aanbieding van geesteswerbaarheid is die oorweldigende klem op die emosionele of irrasionele. Titels van werke en afdelings wissel van "Diplomatieke en politieke skoling van die jeug teen 'n omvangryke bedreiging" (De Beer, K.J. (red) 1987) en "Die aanslag teen Suid-Afrika" (Coetzee, J.C. 1986) tot "Geestelike weerbaarheid teen ideologiese terrorisme" (Roos, 1979).

Alhoewel negatiewe kragte wel dikwels die jeug as teiken vir idees gebruik, is dit nie geloofwaardig om die totale kommunistiese aanslag as die oorsaak van alle, insluitende politieke, probleme voor te stel nie. Die tema van 'n "kulturele oorlog" wat neerkom op die "kommunistiese infiltrasie in die Westerse kultuur" word oorbeklemtoon. Daar word deurgaans verwys na 'n sogenaamde "aanslag" wat "so sistematies fyn en planmatig beplan" word en die "verleiding en beïnvloeding" daarvan so subtiel is, dat dit slegs aan 'n "wêreldwye kommunistiese komplot toegeskryf kan word". Euwels soos die jeug se opstand teen gesag, seksuele losbandigheid, dwelmmisbruik, psigedeliese popmusiek, die jeugrevolusie en moderne kuns word alles voor die deur van hierdie sataniese, kommunistiese aanvalsplan gelê. (*Sosiale Grondslae van Jeugweerbaarheid*: 9). Is dit nie 'n onlogiese vereenvoudiging van 'n wêreldwye probleem wat jeugdiges ondervind as gevolg van, onder andere, die gejaagdheid en identiteitsloosheid van die moderne tegnologiese era nie?

'n Hele aantal ongesubstansieerde "feite" word in verband met hierdie "totale aanslag" genoem. Volgens Studiegids 3 van die Transvaalse Kollege vir Verdere Opleiding, setel die rede vir die onstaan van Jeugweerbaarheid in die "aanslag op die bestaande orde" (*Fisiese en Geesteswerbaarheid*: 2). Die VVO en OAE word volgens die skrywer "op fyn en listige wyse deur die Russiese kommunistiese partyleiers in Moskou gebruik" (*Fisiese en Geesteswerbaarheid*: 1). 'n Baie subjektiewe interpretasie van die buitelandse kritiek teen Suid-Afrika word gegee. "Die hoofkenmerke" daarvan is dat "dit meesal nie op reg en regverdigheid gebaseer is nie, dat daar gevolglik onregverdige maatstawwe teen die Republiek aangewend word en dat die aanslag ateïsties is" (p. 1). Nêrens word melding gemaak van die feit dat dit Suid-Afrika se beleid van rasse-apartheid is wat die teiken van die buitelandse kritiekveldtog is nie. In die oë van baie is die kritiek

teen Suid-Afrika juis gemik op die uitwissing van die onregverdighede in Suid-Afrika se politieke, ekonomiese en sosiale sisteem. Nog 'n baie kontensieuse standpunt is dat die VVO die mondstuk van die kommunistiese aanslag is!

Die probleem van die "totale aanslag"-benadering is dat dit nie ruimte laat vir 'n rasionele besinning oor vraagstukke nie. Ook in De Beer se werk word die kern van Suid-Afrika se politieke probleme nie aangeraak nie. Die totale aanslag van buite word as die oorsaak van al die politieke onrus in Suid-Afrika gesien. Aan anderskleuriges se griewe word min erkenning gegee. Buitelandse opsweping word as rede vir die huidige politieke klimaat aangevoer. Die swartman word as 'n pion in die hand van die kommunistiese agitator voorgestel en die indruk word gewek dat sy griewe kunsmatig aangeblaas word. Min aandag word gegee aan moontlike oorsake van die politieke probleme in Suid-Afrika, byvoorbeeld rassisme, diskriminasie, gebrek aan kommunikasie tussen rasse, wetgewing wat persoonlike vryheid skaad, ensovoorts. Geriefikheidshalwe word daar eerder gekonsentreer op die "goddelose aanslag van die kommunisme teen die Christelike bestel van sy inwoners" (De Beer, 1987:4). Suid-Afrika se strategiese posisie in die wêreld word oorbeklemtoon en Suid-Afrika word deurgaans as die onskuldige slagoffer van 'n totaal ongemotiveerde onredelike propagandaveldtog voorgestel. Alhoewel Suid-Afrika ly onder felle "buitelandse kritiek" teen sy binnelandse rassebeleid, is die veldtog nie totaal ongegrond nie. Selfs die huidige regering erken dat foute in die verlede gemaak is ten opsigte van rassebeleid. Onregverdighede het ontstaan wat met hervorming reggestel moet word. Hoe intens hierdie onregverdighede in die politieke bedeling beleef word, hang natuurlik af van waar 'n persoon hom bevind in die rassebedeling. Dit is egter onwetenskaplik om, soos die skrywer, die indruk te wek dat die politieke noodsituasie en onrus veroorsaak word deur 'n paar ontevredenes wie se griewe deur aggressiewe kommunistiese agitators uitgebuit word.

De Beer sien wel die noodsaak in vir beter rasseverhoudinge. Sy oplossing is 'n diplomatieke skolingsproses wat tans aan die gang sou wees. Dit is 'n stap in die regte rigting, maar 'n diplomatieke skolingsproses onder jeugdiges kan nie die inherente knelpunte van die huidige politieke bestel oplos nie. Dit is eerder 'n vaagbewoorde ideaal met min praktiese uitvoerbaarheid. Deur sy klem op die "onsigbare" aanslag verbeur De Beer die geleentheid om die vraagstuk op rasionele vlak aan te spreek.

Juis hierin lê die leemte van so 'n benadering. Daar word so geskuil agter die "aanslag-van-almal-teen-alles"-sindroom, dat 'n redelike oplossing van probleme onmoontlik is. Die leerling moet eerder geleer word om Suid-Afrika se probleme op 'n konstruktiewe wyse aan te pak. Die illusie word geskep dat daar niks is wat elke jeugdige self kan doen om die rassevraagstuk op te los nie, want dit is nie mense binne Suid-Afrika wat die probleme veroorsaak nie, maar 'n meesterlike gekoördineerde kommunistiese "aanslag". Die negatiewe idee dat ons kinders hulle net kan "pantser" of verweer teen hierdie onstuitbare aanslag is opvoedkundig nie verantwoordbaar nie. Die kind moet eerder leer om 'n polities verantwoordbare standpunt in te neem na aanleiding van die oorweging van 'n hele paar moontlike opsies en dan moet hy in sinvolle dialoog tree met ander van verskillende oriëntasies.

## DIE HANTERING VAN POLITIEKE KONSEPTE

Konsepte vorm die onderbou van enige program wat politieke geletterdheid beoog. By die aanbieding van waarde-gelaaide konsepte moet in gedagte gehou word dat die betekenis van konsepte 'n debatteerbare aangeleentheid is. Hierdie teenstrydighede in vertolking moet aan die leerlinge uitgewys word. Eensydige interpretasies van konsepte kan tot indoktrinasie aanleiding gee. Alleen deur 'n begrip van die genuanseerdheid van konsepte kan die leerling die kompleksiteit van verskillende politieke standpunte insien en dan tot eie stellingname kom. Om teenargumente op ander se standpunte te antisipeer en formuleer moet die leerling toegerus word met die nodige objektiewe kennis van die verskillende politieke ideologieë.

Die huidige bronne vir die opleiding van Geesteweerbaarheidonderwysers, voldoen egter nie aan hierdie eise nie. Begrippe word simplisties en eensydig aangebied. Die kind wat dikwels 'n lesing oor die kommunisme moet aanhoor, sal waarskynlik verbaas staan oor die feit dat kommunisme so 'n groot faktor in die wêreld geword het, indien dit so ooglopend 'n onlogiese en weersinwekkende ideologie is.

'n Kommerwekkende verskynsel is die wyse waarop die "liberalisme" (een van die boustene van die Westerse demokrasie) aangeval word. Die skrywer van Studiegids 1, getiteld *Opvoedkundige grondslae van Jeugweerbaarheid*, maak die uiters aanvegbare stelling dat "die gewelddadige gelykstelling" van almal deur die liberalis voorgestaan word en dat hy nie stuit om "die blanke, wat nog altyd deur die eeue 'n klein minderheid vergeleke met die anderskleuriges is, op te offer ter wille van die onnatuurlike ideaal van gelykheid" (p. 32) nie. Dit is ontstellend dat so 'n emosionele, partypolities gekleurde standpunt in 'n handleiding vir onderwysersopleiding as 'n onbetwisbare feit voorgehou word. Verder word beweer dat "gelykstelling nie net in ons eie land nie, maar wêreldwyd die blanke, die klein minderheid, se vernietiging noodwendig moet meebring". Nog 'n aantal subjektiewe interpretasies van die liberalisme is die bewering dat die "mens se konkreetheid en uniekheid" ontken word en dat dit "alle verskille tussen mense van die tafel" afvee (p. 29); ook dat die liberalis teen "elke vorm van gesag" gekant is. Nog 'n aantyging is dat die liberalisme die "verlede verwerp en net die toekoms erken" (p. 30). Dit is net so 'n ongekwalifiseerde stelling as om te beweer dat die konserwatis die toekoms verwerp en net die verlede erken.

Verder word beweer dat die liberalisme "konsekwent die vermeende kwaadwilligheid van die blanke verkondig en so ondermyn dit natuurlik die beskawing en skep dit griewe" (p. 30). Nog 'n aantyging is dat liberalisme "oningeperkte vryheid" propageer. 'n Ietwat vergesogte teorie is dat die liberalis "skaam en skuldig voel oor sy eeue-lange gesagsposisie" en nou probeer hy kwansuis "hierdie skuldgevoel --- afkoop deur miljoene by te dra as ekonomiese hulp aan onderontwikkelde gebiede deur hulp aan terroristiese vryheidsvegters" (p. 32). Is hulp aan onderontwikkelde lande nie eerder gemotiveer deur 'n besef dat die ekonomiese ekwilibrium van die wêreld so maklik versteur kan word, dat hulp aan Derde Wêreldlande ook in die belang van ekonomies florerende lande is nie?

Elke persoon het die reg op politieke stellinginname. Tog hoort ongekwalifiseerde en hoogs debatteerbare sienings oor politieke konsepte nie in 'n akademiese handleiding vir opleidingsdoeleindes nie. Om enigsins wetenskaplik regverdigbaar te wees, moet 'n objektiewe oorskou van politieke konsepte gegee word. Alhoewel liberalisme, soos enige "isme" sekere negatiewe konnotasies kan vertoon, is dit ook nodig om uit te wys dat liberalisme 'n geïntegreerde deel van enige demokrasie konstitueer.

Liberalisme is as voorbeeld gebruik, maar daar is talle ander konsepte wat op dieselfde wyse aangebied word in die Jeugweerbaarheidbronne wat bestudeer is.

## DIE VOORHOU VAN EEN STANDPUNT AS ABSOLUTE WAARHEID

Een van die doelstellings van jeugweerbaarheid word soos volg gestel: dat die jeugdige weerloos sal bly al is hy ook hoe deeglik weerbaar gemaak indien hy "nie bewapen of omgord word met die waarheid soos dit vervat is in die godsdienstige en lewensopvatlike oortuigings nie". Hierdie waarhede en die waardes wat daar in gebed is, moet doelbewus by die kind ingeskerp word sodat hy standvastigheid kry in 'n wêreld van normpluralisme (Roos in Botha, J.L. 1975:41). Hierin is reeds 'n kontradiksie opgesluit: wat is die "waarheid" in 'n "normpluralistiese" samelewing?

Die probleem is dat daar in ons huidige gepolariseerde samelewing (soos in die meeste moderne samelewings) nie baie absolute waarhede is nie. Niemand kan met sekerheid sê: dít word algemeen aanvaar as waarheid nie. Binne die Afrikaanssprekende geledere alleen is daar talle botsende

oortuigings. Die onderwyser mag nie (volgens sy eie interpretasie) aan die kind voorhou wat hy as die waarheid beskou nie. Die sambreelterm van Christelike waardes, is ook nie 'n oplossing nie. Die Christendom is self verdeeld wat politieke aangeleenthede aanbetref.

Volgens Roos "moet die jeugdige gehelp word om self 'n keuse te doen ten einde weerbaarmakende waardes in sy lewe te verwesenlik" (Roos, 1979:3). Keuseverantwoordelikheid impliseer immers dat daar aan die leerling 'n hele aantal verantwoordelike opsies voorgehou word waaruit hy self kan kies. So is daar 'n hele aantal verskillende uiteenlopende uitsprake oor Suid-Afrika se rasseprobleme en die oplossing daarvan, opsies wat die demokratiese beginsel van vreedsame onderhandeling voorstaan.

Ongelukkig kan die Jeugweerbaarheidspublikasies wat hier ter sprake is, geensins aanspraak maak op 'n poging tot objektiwiteit in aanbieding nie. 'n Gedeelte van die genoemde kursus wat met die grootste kritiek bejeën moet word, is die hoofstuk getiteld "Geleerdheid en beskawing is nie sinonieme begrippe nie". Stellings word gemaak wat neerkom op flagrante rassediskriminasie. Byvoorbeeld: "'n Geleerde Bantoe kan nie sonder meer aanspraak maak op opname in die Westerse beskawing nie", want "geleerdheid, kennis en verligting is as't ware niks meer nie as toevallige neweprodukte van die Westerse beskawing". Volgens die skrywer setel beskawing "dieper as 'n kleed wat jy omhang", naamlik "in die diepste van die menslike persoonlikheid, sy hart, siel of gees en word ten diepste bepaal deur die geestesmag wat daar heers" (Studiegids 3. *Fisiese en Geestesweerbaarheid*: 48).

"Die ontwikkeling van die verstand" kan volgens die skrywer "nooit die grondslag vorm van die eis om stemreg nie" (p. 50). Volgens hom is die kwalifikasie vir stemreg 'n sekere Christelike "geestesmag". Hy stel 'n blanke vel goedsmoeds gelyk aan Christenskap. Die indruk word deurgaans geskep dat God deur die eeue heen aan die kant van die lank-lydende blanke Afrikaner was. Dit lyk asof godsdiens misbruik word om die huidige politieke bestel te regverdig en verdedig.

Die skrywer gaan verder en beweer dat die "geestesmag" wat by blankes aangetref word, afwesig sou wees by anderskleuriges en daarom kan hulle nie stemreg verwerf nie. Die skrywer kom tot die slotsom dat: "Geen geletterdheid ter wêreld sal ooit alleen van die Bantoe in die RSA 'n Christelike beskawingsmondige burger maak nie, indien die Bantoegemeenskap as geheel nog in sy hart beheers word deur 'n heidense geesteskrag nie" (p. 49). Verderaan meen die skrywer dat "Wat ons eie nie-blanke bevolkingsgroepe betref, kwalifiseer die Bantoes en Indiërs as beskawingsonmondig vanweë die natuurmagte werksaam in hulle harte, terwyl die Kleurlinge hoewel op Christelike beskawingswerf gebore, 'n groot beskawingsagterstand vertoon" (p. 101). Met ander woorde: 'n blanke vel kwalifiseer 'n persoon dadelik as 'n Christelike beskawingsmondige burger, maar 'n anderskleurige vel moet eers hierdie kwaliteite verwerf! Is alle blankes dan in hul harte Christene? Hierdie argument is uiters onwetenskaplik en ook 'n belediging vir duisende anderskleurige Christene. Die verkryging van politieke regte deur anderskleuriges skyn ook 'n amper onmoontlike taak te wees. Die rede hiervoor is volgens De Beer dat "die ontwikkeling van die verstand kan nooit die grondslag vorm van die eis om stemreg nie" (p. 50).

In die lig van die voorafgaande is die volgende 'n selfdesepsie, naamlik dat ons in 'n "demokratiese, vry, onafhanklike land woon en ons grootste voorreg is die uitlewing van ons burgervryhede en medeseggenskap deurdat ons kiesers is" (p. 61). Die politieke magteloosheid van die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking word nie eers genoem nie.

Die enigste rede waarom die skrywer kontak met anderskleurige bevolkingsgroepe voorstaan, word nie gemotiveer deur 'n opregte strewe om Suid-Afrika se rassevraagstuk aan te spreek nie. Dit gaan eerder daarom dat die ander bevolkingsgroepe op 'n paniekerige wyse gebruik word in die blanke se verdedigingsplan teen 'n omvangryke bedreiging. Die "geestesmag" wat die anderskleurige se hart sou beheers, maak blykbaar nou nie meer saak nie. Die kind moet "deur sy optrede daartoe bydra om sy medelotsgenote van watter geloof, taal of kleur ookal (sic) vir die gesamentlike stryd te help voorberei en besiel" (p. 61). Na aanleiding van vorige menings uitgespreek deur die skrywer, bly die volgende blote retoriek: "Om te slaag met ons totale verdedigingsplan sal ons die behoeftes van al ons bevolkingsgroepe op die ekonomiese, politieke en maatskaplike terrein sover as wat dit prakties moontlik is, moet bevredig" (p. 71). Die anderskleurige wat nie stemreg verdien nie, word nou gerieflikheidshalwe by 'n totale verdedigingsplan ingesluit, in ruil waarvoor sekere van sy behoeftes aandag sal geniet.

Dit is onrusbarend hoe oënskynlik wetenskaplike status aan die status quo in Suid-Afrika gegee word deur geestesweerbaarheidsliteratuur wat die bestaande orde regverdig en rasionaliseer. Deur argumente wat die skyn van logika probeer voorhou, word aan die hele "totale aanslag"-idee akademiese loofwaardigheid verleen. De Beer maak byvoorbeeld die Soweto-onluste van 1976 af as "'n agitasie — oor taalonderrig" wat net deur "verskuilde politieke agitators" op tou gesit kon word, want geen kind sal tog in opstand kom oor 'n onbelangrike saak soos taalonderrig nie (De Beer, 1987:7).

Van die politieke vorming van die kind via 'n goed-opgeleide onderwyser kom daar weinig tereg. Jeugweerbaarheid word slegs 'n instrument vir die afweer van ongewenste aanslae op die status quo. "Politieke onderrig kan — volgens Christelik-gefundeerde beginsels as praktiese teenvoeter teen haas enige anti-Christelike onderrig dien". De Beer waarsku teen die opleiding van te veel akademies-gerigtes, veral in swart geledere, omdat die mens "leierselemente in die bevordering van revolusionêre ideologieë" word. Hy bepleit 'n groter beperking van hierdie tipe opleiding; 'n standpunt wat volgens Booysen (1987) "a crude similarity with the Verwoerd statements of the 1950's" is.

Volgens Booysen kan Suid-Afrika se politieke probleme ironies genoeg, toegeskryf word aan programme soos dié voorgestel deur De Beer. ("Furthermore, the continuation of the ideological consciousness prevalent among the Afrikaner youth at least in part hinges on programmes like those proposed by De Beer. His own solution thus uniquely constitutes the very problems which he purportedly sets out to address" Booysen : 95). De Beer klou vas aan die idee van 'n "totale aanslag" alhoewel hy self erken dat "daar nie meer stilgestaan (kan) word by alarmistiese formules oor die Totale Aanslag nie" (p. 43). De Beer se boek, soos die ander bronne, vir geestesweerbaarheidsopleiding, word goed beskryf deur Booysen as 'n "nervously conservative view of the world – and in particular of politics in South Africa" (Booysen, 1987:93). Eensydige stellings word soos onbetwisbare feite aangebied en voorstanders van politieke geletterdheid gegrond op egalitariese waardes, soos Trümpelmann en Kotzé, word buite konteks aangehaal om krag te verleen aan die weerbaarheidsprogram.

Uitsprake met betrekking tot die doel van die politieke komponent van geestesweerbaarheid het 'n baie totalitêre aanklank, in die sin dat die skool gebruik word om die politieke persepsies van die onderwysers en sodoende die kind te vorm in ooreenstemming met dié van die regerende party. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende doelstelling, naamlik om "swart en wit leerlinge 'n meer eietydse insig in interstaatlike verhoudinge te gee, die beginsels van eiesoortige politieke denke vas te lê" en sodoende te verseker dat "daar geen misverstande en verkeerde aansprake op owerheidsgesag kan wees nie" (De Beer : 31).

**GEVOLGTREKKING**

Alhoewel die wenslikheid van die keusevryheid van elke individu by die verantwoording van bykans al die geestesweerbaarheidsbronne duidelik gemaak word, misken die inhoud daarvan hierdie beginsel. Voorafgenome besluite word aan die onderwyser voorgehou en eensydige vertolkings van debatteerbare sake word as onbetwisbare feite aangebied. Ware politieke stellinginname gegrond op rasionele oor-

weging is dus onmoontlik. Van Van Loggerenberg se ideaal, naamlik dat "die onderwyser --- as burger die reg en verantwoordelikheid (het) om 'n deeglike en objektiewe studie van sy land se vraagstukke te maak" en "dan standpunt inneem wat op 'n verhewe grondslag geskied dat sy bepaalde siening nooit die nakoming van sy professionele pligte teenoor die kinders en die ouer-publiek sal vertroebel nie" (Van Loggerenberg, 1979:50) kom daar nie veel nie. Die wyse waarop die betrokke onderwysersopleidingspublikasies hanteer word, kwalifiseer eerder vir Botha se definisie van opvoeding in 'n totalitêre staat waar "die owerheid die skole --- gebruik om by implikasie en selfs openlik vir die beleid van die regeringsparty propaganda te maak" (Botha 1975).

## DIE EIS OM KUNDIGHEID

Die kind is 'n uiters beïnvloedbare wese, veral wat die vorming van sy waardes en oortuigings aanbetref. Hier kan met een van die skrywers saamgestem word. Daar word naamlik gestel dat "--- die essensie van die opvoeding is die bevrugting van die gees van die leerling deur die gees van die onderwyser en die onderwyser kan nie iets gee wat hy self nie het nie" (*Fisiese en Geestesweerbaarheid*: 6). Hierdie voortdurende bewuste beïnvloeding van die onderwyser is onderworpe aan sy lewensbeskouing (p. 7). In Suid-Afrika is dit egter moeilik om te bepaal wat die aard en inhoud van hierdie bewuste beïnvloeding moet wees. Die enigste uitweg is daarom 'n poging om kontroversiële inhoud so objektief moontlik aan te bied. 'n Perspektiwiese oorsig oor die verskillende interpretasies van 'n debatteerbare saak, blyk die enigste oplossing te wees. Waarde-oordele moet steeds gefel word, maar dit sal 'n oordeel wees gebaseer op 'n ware opweeg van verskillende alternatiewe. Verder moet daar gekonsentreer word op die oordra van sekere universele demokratiese waardes soos "redelikheid, verdraagsaamheid en gelyke behandeling" (Trümpelmann, 1986:24). Eers dan sal die aanbieding van Jeugweerbaarheid sinvol wees in die gereedmaking van die leerling vir sy burgerlike taak.

Jeugweerbaarheid as vak wat politieke vorming beoog, moet dus baie kundig benader word. Daarom is dit so essensieel dat die onderwyser se opleiding van so 'n aard is, dat dit hom in staat stel om aan hierdie hoë eise te voldoen. "Die hedendaagse wêreld stel die eis van deskundigheid aan enige persoon en volk wat wil voortbestaan. Dit is gevaarlik om in 'n deskundige wêreld met nie-deskundiges te werk" (Van Loggerenberg 1979). 'n Baie waar stelling, maar ongelukkig voldoen die bespreekte onderwysersopleidingspublikasies glad nie aan die eis van deskundigheid nie, want 'n selektiewe vertolking van die waarheid word as aller-waarheid voorgehou.

## SLOT

Daar kan met oortuiging gestel word, dat 'n onderwyser wat die onderhawige bronne vir Jeugweerbaarheid bestudeer het, nie op grond van sy verworwe kennis op politieke geletterdheid kan aanspraak maak nie. Die huidige opleiding skiet ver te kort wat die voorbereiding van die onderwyser vir die taak van politieke opvoeding aanbetref. Ter illustrasie van die hoë mate waarin die genoemde publikasies daarin geslaag het om een interpretasie van Suid-Afrika se rassekwessie as waarheid te vestig, kan die volgende punt genoem word: Vyf onderwysers het op die vraag of hulle meen daar enigsins sprake was van "indoktrinasie" in die inhoud van die betrokke publikasies, almal "nee" geantwoord. Alhoewel dit 'n baie klein getal en dus nie as verteenwoordigend gesien kan word nie, beklemtoon dit die versigtigheid wat aan die dag gelê behoort te word wanneer 'n saak soos politieke geletterheid aangepak word.

Die finale uitspraak op die inhoud wat in hierdie werk ondersoek is, kan net afwysend van aard wees. Die onbedekte indoktrinasie en aggressiewe toon van die leesstof beskikbaar oor die onderwerp van Jeugweerbaarheid, kan net die atmosfeer van onverdraagsaamheid aanwakker. Veral die onkundige blanke leerling staan die gevaar om polities meer geïsoleer te word van die ware toedrag van sake in Suid-Afrika. Die bevordering van politieke geletterdheid op grond van die huidige Jeugweerbaarheidsprogramme is grootliks 'n mite. Dit kan egter nie toegelaat word om so voort te gaan nie, want indien 'n hele geslag onkundige oningeligte en meer nog, waningeligte burgers wat so verhard is in hul eng, onverdraagsame politieke uitkyk die lewe ingestuur word, sal 'n vreedsame demokrasie in Suid-Afrika ook net 'n mite word.

Opvoeders met insig en sensitiwiteit, balans en redelikheid moet opgelei word indien Suid-Afrika bevry wil word van sy huidige gepolariseerdheid, smeulende rasse-haat en geweld wat dreig om die land onregeerbaar te maak. Die kind moet opgevoed word tot selfstandige keuse-mondigheid en bereidheid om met ander in gesprek te tree; nie geïndoktrineer word tot marionetagtige ondersteuning van die status quo nie. Politieke geletterheid op skool sal op 'n baie sterker akademiese grondslag geplaas moet word. Die huidige eensydige publikasies grens aan emosionele opsweping en doen meer skade as goed.

## BRONNELYS


Booysen, S. in *Politikon* Vol. 14, no. 2. Desember 1987.

Botha, J.L. (red.): *Jeugweerbaarheid*. Durban, Butterworths. 1975.

Coetzee, J.C.: *Jeugweerbaarheid en Gesinsvoorligting*. Johannesburg, Perskor. 1986.

De Beer, K.J.: Diplomatieke en politieke skoling van die jeug teen 'n omvangryke bedreiging. Bloemfontein, UOVS, 1987.'

Roos, S.G.: *Geestelike weerbaarheid teen ideologiese terrorisme*. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel. 1979.

Snook, I.A.: *Indoctrination and Education*. Londen, Routledge & Kegan Paul. 1972.

Transvaalse Onderwysdepartement: Onderwyskollege vir Verdere Opleiding. Kursus: Jeugweerbaarheid.

- *Fisiese en Geestesweerbaarheid*, Studiegids 3.
- *Opvoedkundige grondslae van Jeugweerbaarheid*, Studiegids 1 en 2.
- *Sosiologiese grondslae van Jeugweerbaarheid*, Studiegids 1.

Trümpelmann, M.H.: *Politieke Geletterdheid as verantwoordelikheid van die Sekondêre Skool*. Johannesburg: RAU. 1986.

Van Loggerenberg, N.J.: *Weerbaarheid: Riglyne vir Ouers en Onderwysers*. Johannesburg, Perskor. 1979.